

Opsommings “Deep and Wide” – Andy Stanley

Dit is totaal onwaar dat kerke kwaliteit moet inboet om kwantiteit te verkry of dat hulle nie diepte en groei terselfdertyd kan hê nie.

Andy het sy hele lewe lank aan hierdie boek geskryf ten einde 'n span in die gemeente te bou wat die Groot Opdrag ernstig opneem.

Deep and Wide reflekteer die werk, kreatiwiteit en grootmoedigheid aan duisende manne, vroue en kinders wat 'n kans gewaag het met 'n droom en dit te verwesenlik, mense wat hieraan gewerk het sonder dat daar 'n gewaarborgte uitkoms was.

Inleiding

Geseënd is die man wat die geleentheid kry om sy lewe te wy aan iets groter as hyself en wat omring word deur vriende wat hierdie passie deel. Hierdie is 'n boek wat geskryf is ten einde kerke te stig wat kerklos mans, vrouens en kinders graag wil bywoon.

Ons weet dat die beste werkers gewoonlik die grootste kerke bou, maar nie noodwendig die gesondste kerke nie. Woorde soos 'God het dit aan my geopenbaar', 'die Gees het my hierin gelei' of 'ek het lang gebede oor die saak gehad' nie.

Hierdie is nie 'n boek om jou kerk groter te laat groei nie. Wanneer 'groter' jou doel is, begin jy om dinge in Jesus se naam te belowe. Hierdie is 'n boek wat daaraan gewy is om jou kerk meer toeganklik en aantreklik te maak vir mense wat nie kan aanklank vind by al die 'randsake' (shenanigans – shows?) wat kerke, veral groot kerke, 'n slegte naam gee nie.

Ek glo elke kerk moet so wees dat ongelowige mense daarvan hou om daarheen te gaan. Hoekom? Aangesien die kerk dié plek is waar die teenwoordigheid van Jesus uitgebeeld word.

Daar is besluit om die mark van kerklos mense te betree aangesien dit op daardie stadium 'n groter mark was met geen kompetisie nie.

Ons was geensins beter as enige van die ander kerke in die dorp nie, ons was slegs die enigste kerk wat van die grond af boontoe so ontwerp was om die verbeelding van kerklos mense aan te gryp.

Meer as 83 persent van ons gereelde kerkgangers het aangedui dat hulle ten minste een persoon na die kerk genooi het die afgelope 12 maande. Ons wil graag deel wees van 'n netwerk van kerke wat kerklos mense onweerstaanbaar vind. Ons gradeer onself nie aan grootte nie, maar aan hoe aantreklik ons teikenmark ons vind.

Ons gaan uit van die veronderstelling dat geloof wat groei, wat teruggevoer kan word na gehoorsaamheid, die katalisator is vir persoonlike groei. Die resultaat van persoonlike groei is uiteindelik persoonlike volwassenheid.

In hierdie boek word weergegee wat met die jare geleer is met betrekking tot dieselfde boodskap wat aan beide gehore (gelowiges en kerklos mense), verkondig word.

Ek hoop dat dit wat geskryf is, jou sal inspireer om na geleenthede te soek om die vlak van betrokkenheid tussen jou gemeente en die kerklos gemeenskap daar buite, te verhoog. Kerke moet teologies verantwoordbaar wees, maar terselfdertyd kultureel relevant.

Deel 2 – Walkin toward the Messes

Een van die grootste uitdagings waarmee kerkleiers gekonfronteer word, is dat die meeste kerkgaande mense nie weet wat die kerk is of waarom dit bestaan nie. Aanvanklik was die kerk 'n beweging wat laser-gefokusde boodskappe gebring het en 'n wêreld missie gehad het.

Die kerk was gelei deur mans en vroue wat aangevuur was, nie deur wat hulle geglo het nie, maar deur wat hulle gesien het. Hierdie feit plaas *die kerk* apart van enige ander gelowige beweging in die wêreldgeskiedenis.

Of die gedagte ons aanstaan of nie, maar ons is die rentmeesters van die kerk vir ons generasie. Wat egter meer uitdagend is as dit, is die feit dat ons bepaal waaraan die volgende generasie dink wanneer hulle die term *kerk* hoor. Die oomblik toe die kerk wettig geword het, het dit ook georganiseerd geword. Kort voor lank was die kerk nie meer 'n beweging nie, maar 'n onderneming.

Twee Duisend jaar later sukkel die kerk nog steeds om sy oorspronklike identiteit, doel en passie terug te kry. As die woord *kerk* vandag geuiter word, dink baie min mense daaraan as 'n beweging.

Dit is egter hierdie konstante worsteling, spanning en begeerte om die rigting van die kerk te korrigeer en te inspireer, wat ons teenwoordigheid en ons leiding, so belangrik maak vir hierdie generasie. **Die kerk het leiers nodig wat gewillig is te doen wat ookal nodig is om te verseker dat ons dit oordra aan die volgende generasie in 'n beter toestand as waarin ons dit gevind het.** (SS – omkeer!)

Voordat hierdie proses egter aan die gang kan kom, is dit belangrik om op die volgende twee vrae te antwoord:

1. Wat is die kerk?
2. Vir wie is die kerk?

Hoofstuk 3 – Woorde maak saak

Jesus het die volgende aan die Twaalf Apostels gevra: 'Wie sê julle is ek?' Simon Petrus het dadelik geantwoord: 'U is die Christus, die Seun van die Lewende God'. (Matt. 16:16). Jesus

het net so vinnig gereageer en gesê: 'Gelukkig is jy, Simon Barjona, want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. En Ek sê vir jou; Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. (Matt. 16:17-18).

Die waarheid is dat die geloof in Jesus as die Seun van God amper die enigste ding is wat alle kerke in gemeen het.

Die Griekse term vir *kerk* in die Nuwe Testament is *ekklesia*. Hierdie is egter nie 'n gelowige term nie. *Ekklesia* was bloot die samekoms of byeenkoms van mense vir 'n bepaalde doel. *Ekklesia* het nooit verwys na 'n spesifieke plek nie, maar slegs 'n spesifieke byeenkoms. Binne die sekulêre en geloofsliteratuur, verwys *ekklesia* altyd na 'n byeenkoms van mense wat saamgebind word deur 'n gemeenskaplike identiteit en doel.

Soos wat Christenskap die geloof geword het vir die Romeinse elite, het hulle hul invloed gebruik om geboue op te rig om te aanbid op plekke wat geïdentifiseer kon word met 'n bepaalde martelaar se dood. Binne 'n dekade het *ekklesia* opgehou om te bestaan as 'n *beweging*, maar het dit 'n *plek* geword.

Die Gotiese (of Germaanse) kultuur wat ook beïnvloed is deur die Christendom, het die woord *kirika*, later *kirche* in moderne Germaans, begin gebruik. Die woord beteken 'huis van die here' en is gebruik om te verwys na enige bymeakaarkomplek vir 'n bepaalde ritueel, hetsy Christelik of heidens. Bogenoemde Germaanse term is die meeste gebruik om te verwys na die *ekklesia* van Jesus en vandaar is ons woord *kerk* gevorm.

Die woord *kerk* is nie 'n *vertaling* van Grieks nie. Dit is 'n *plaasvervanger* vir die Grieks. Dit is egter glad nie 'n goeie plaasvervanger nie. Die Germaanse term *kirche* en die Griekse term *ekklesia* verwys na twee verskillende idees. ***Kirche is 'n plek en ekklesia is 'n doelgerigte samekoms van mense.***

Die deure van 'n *kirche* kan gesluit word, dit is egter nie waar van 'n *ekklesia* nie.

Die kerk het sinoniem geword met 'n plek. Dit het veroorsaak dat wie ookal die kerkgebou beheer het, nou die kerk beheer. Nog erger, sedert die vierde eeu, word die **Woord** beheer deur wie ookal die kerkgebou beheer. Die wat dus die kerkgebou beheer, beheer die Woord, wie die Woord beheer, beheer die mense en uiteindelik die regering.

Wat dus begin het as 'n beweging om die waarheid omtrent Jesus Christus te verkondig aan die uithoeke van die aarde, het verander in 'n hiërargiese, rituele instelling wat baie min ooreenkomste toon met die oorsprong. Hierdie skuif het gelei tot die era van kerkgeskiedenis wat net as skrikwekkend beskryf kan word.

Gedurende 1526 het Tyndale gedrukte kopieë van die Engelse Bybel in sy tuisland ingesmokkel. Deur die Bybel beskikbaar te stel aan sy landsgenote, het van hom 'n balling in Engeland gemaak. Die regering het tien jaar lank na hom gesoek voordat hy deur 'n kennis

verraai is. Hy is gevange geneem, aan 'n paal vasgemaak, verwurg, sy liggaam verbrand en is sy oorskot verstrooi.

'Kerk" amptenare het 'n man ter dood veroordeel omdat hy die Woord van God vertaal en versprei het aan volwassenes en kinders wat dit kon lees en verstaan. 'Waarom was hulle haat vir hom so geweldig?' Hulle was geskok jeens die feit dat die **woord kerk nie in sy Bybel gevind kon word nie.**

Tyndale het die vermetelheid gehad om die term *ekklesia* te vertaal eerder as die Germaanse woord *kirche*. In plaas van om die woord *kerk* te gebruik, het hy die term *gemeente* gebruik.

Dwarsdeur die Nuwe Testament het hy die Bybel se oorspronklike klem van die kerk as 'n beweging eerder as 'n plek, duidelik gestel. Ook van mense eerder as 'n gebou, op die boodskap van die Evangelie eerder as tradisies, liturgie en hiërargie.

Hoewel baie van Tyndale se vertalings hul weg gevind het na die postmoderne wêreld, het die term *ekklesia* steeds 'n 'ongeval' van die vertalingstradisie' gebly.

Wat beteken al bogenoemde vir ons wat geroep is om die een-en-twintigste-eeuse *ekklesia* van God te lei en vorm?

Ons moet onself die volgende vrae vra:

- *Beweeg ons of ontmoet ons net?*
- Maak ons 'n meetbare verskil binne ons gemeenskap of hou ons gewoon dienste?
- Organiseer ons binne 'n bepaalde missie of organiseer ons rondom 'n 'antiquated' bedieningsmodel wat ons by die vorige generasie geërf het?
- Allokeer ons ons hulpbronne asof Jesus die hoop vir die wêreld is, of veroorsaak die knarsende wiele van ons kerkkultuur ons begrotingsbesluite?
- Beoefen ons *ekklesia* of het ons gerus geraak met *kirche*?

Te midde van 'n ontploffing en onverklaarbare groei en uitbreiding, bevind die *ekklesia* van Jesus 'n vraag waarmee ons selfs vandag nog worstel:

- Vir wie is hierdie *ekklesia*?
- wie mag deelneem?;
- wat is die vereistes vir lidmaatskap?;
- hoe goed moet mense wees?;
- hoe goed moet hulle aanhou om te wees wanneer hulle eers deel is hiervan?;
- is die kerk vir kerk mense?

Hoofstuk 4 – Net soos ek nie is nie

Andy Stanley het grootgeword in kerke wat ontwerp is vir kerkmense. Die onuitgesproke boodskap aan die wêreld daar buite was: 'Sodra jy begin om te glo en op te tree soos ons, is jy welkom om by ons aan te sluit.'

Ons was omtrent teen alles – sekere genres van musiek, alkohol, die lottery, die gelyke regte amendement, homoseksuele en die Demokrate. Dit was asof ons altyd daarop uit was om iets of iemand te boikot.

Die werklike vraag waarmee Christene geworstel het, was:

- 'Watter sondes, indien enige, diskwalifiseer 'n persoon?'
- 'Kan die kerk sondaars verwelkom?'
- 'Hoeveel bagasie moet 'n persoon by die voordeur laat voordat hy ingelaat sal word?'

'Just as I am, though tossed about
with many a conflict, many a doubt,
fightings and fears within, without,
O Lamb of God, I come, I come.

Just as I am, poor, wretched, blind;
sight, riches, healing of the mind,
yea, all I need in thee to find,
O Lamb of God, I come, I come.

Indien ons sou probeer om al die grys areas, al die morsige middelste dele uit te skakel, sal ons eindig by 'n slegte voorstelling van wat Christus oorspronklik bedoel het toe hy sy *ekklesia* aangekondig het.

Andy Stanley het grootgeword met die idee dat die kerk was vir geredde persone wat opgetree het asof hulle gered was.

Die probleem was egter dat hulle besluit het wat dit beteken 'om op te tree soos 'n geredde persoon'. Hulle het besluit watter sondes 'n geredde persoon mag doen en watter sondes aandui dat jy nog 'n ongeredde persoon is. Hierdie lys het egter elke paar jaar verander. Lank was egskeiding op hierdie lys, maar het dit in die 1970's onverklaarbaar verdwyn. Skinderpraatjies en begeerte was egter nooit op hierdie lys nie.

Kerke wat ontwerp is vir verlosde mense, is gevul met huigelaars en word daar amper van jou verwag om 'n huigelaar te wees ten einde deel te neem. Gevolglik is genade in 'n kerk vir kerkmense, toevallig. Dit is baie moeilik om genade aan mense te bewys wat dit blykbaar nie nodig het nie.

Aan die ander kant van die spektrum is daardie persone wat verkondig dat die kerk vir almal is, ongeag hul optrede of hul oortuiging. Hierdie kerke is *liberale* kerke genoem. Die probleem met hierdie kerke is egter sinoniem met die kerke wat 'n meer konserwatiewe uitkyk het. Jy moet kies watter dele van die Nuwe Testament jy omarm. Die toevalligheid vir liberale kerke is: die waarheid. Saam met hierdie waarheid, word sonde egter ook 'n toevalligheid. Ons is egter nie fouteerders wat dit nodig het om 'n regstelling te maak nie, ons is sondaars in nood van 'n Verlosser. Ons het meer as 'n tweede kans nodig, ons het 'n wedergeboorte nodig.

'God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.' (Joh. 1:17).

"Vol van genade en waarheid". Jesus het nie gekom om 'n balans tussen genade en waarheid te kom handhaaf nie, maar hy het die volheid van beide gebring.

Johannes 8:10-11: 'Toe het Hy regop gekom en vir haar gevra; 'Mevrou, waar is hulle? Het geeneen van hulle die oordeel oor jou voltrek nie?' 'Niemand nie, Here,' sê sy. Toe sê Jesus: 'Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.'

Vertaal sou Jesus sê: 'Jy is 'n sondaar. Wat jy gedoen het, is verkeerd maar ek veroordeel jou nie. Ek gee egter aan jou presies wat jy nie verdien nie – genade.' Jesus het nie 'n voorwaarde aan Sy genade gestel nie, maar haar die volle dosis van genade en waarheid aan haar gegee.

In Jesus vind ons 'n duidelike en nabye kyk na wat genade en waarheid werklik is. In Jesus is daar geen konflik tussen die twee nie. Dit is gewoonlik ons misbruik van die waarheid wat mense laat met 'n gevoel van veroordeling en isolasie.

Die enigste groep mense wat Jesus ooit veroordeel het, was die genadelose, gelowige mense – dié wat die waarheid misbruik het om ander te beheer deur skuldgevoelens, vrees en veroordeling.

Hoofstuk 5 – Trotseer gravitasie

Indien jy wil weet wat mense bedoel deur dit wat hulle sê, kyk na wat hulle doen. Dade spreek nie net harder as woorde nie, maar dade moet gebruik word om woorde te interpreteer.

Hand. 15:19: 'Daarom meen ek dat ons dit nie moeilik moet maak vir die heidene wat hulle tot God bekeer nie.'

Met ander woorde, kerke moenie enigiets doen wat dit moeilik maak vir mense wat hulle tot God keer nie.

Hier is die skokkende gedeelte - Handeling 15:28-29 'die Heilige Gees en ons het besluit om geen verdere las op julle te lê as net hierdie noodsaaklike dinge nie: dat julle nie vleis moet eet wat aan 'n afgod geoffer is nie, ook nie bloed nie en ook geen dier wat verwug is nie en dat julle onsedelikheid moet vermy. As julle julle van hierdie dinge weerhou, doen julle reg.'

Die Raad van Jerusalem het die kerk gereduseer tot die deelname van twee dinge: wees versigtig met wat julle eet in die teenwoordigheid van jul Joodse broers en moenie immoreel optree nie.

Al het jy net 'n gedeeltelike idee van kerkgeskiedenis, sal jy weet dat daar altyd die teenwoordigheid van 'n onsigbare krag was wat die kerk terugtrek in die rigting van **genadelose geloof**. Dit verskyn in elke generasie met 'n verskeidenheid van etikette, style en gesigte. Dit het homself vermom as heiligheid, moraliteit en konservatisme. Die boodskap bly dieselfde: 'Die kerk is vir kerkmense.' Die kerk is vir mense wat sal inskakel by 'n spesifieke 'handelsmerk' en gehoorsaam sal wees aan 'n bepaalde stel reëls.

Dit is egter die jou verantwoordelikheid om toe te sien dat die kerk onder jou toesig sal funksioneer as 'n plek waar mense bymekaarkom. 'n Plek waar nuuskierige, onoorlogte, skeptiese, die 'ek-het-eens-geglo' en stukkende mense bymekaarkom, maar ook 'n plek waar die ingeligte en toegewyde mense byeenkom rondom Petrus se verklaring dat Jesus die Christus is, die Seun van die Lewende God.

(Niks bring hierdie oortuiging vir my (Andy Stanley) duideliker na vore as die doop nie.)

Dit tref steeds as eenaardig dat ons nodig het om 'n pastor te bedank vir die tipe kerk wat hy geskep het as die kerk presies doen waarvoor dit in die eerste plek geskep is. Waarom moet hierdie die uitsondering wees en nie die reël nie?

Dit is jammerlik dat so baie kerke uitverkoop is aan die 'ontwerp deur Christene vir Christene alleenlik' kultuur.

Dit is nodig dat kerkleiers moet uitgaan en doen waarvoor Jesus kom sterf het om dit moontlik te maak.

Gedeelte drie – om diep te gaan

Herbedink Spirituele formasie

Wat doen die kerk om te verseker dat nuwe gelowiges sowel as "deurwinterde" gelowiges, steeds groei in hulle geloof? Ons (North Point) glo nie daaraan dat klasse volwasse

gelowiges tot stand bring nie, maar dat klasse wel skrandere gelowiges daarstel. Dit is egter so dat teologiese opleiding en geestelike volwassenheid albei ewe eksklusief kan wees.

Hoofstuk ses – my groot ontdekking

North Point wou meer as enigiets 'n model skep wat werklik geestelike volwassenheid fasiliteer. Alles wat hulle doen, moes daarop fokus om volwasse volgelinge van Christus te vestig. Die missie waarop hulle besluit het, was "*Om mense te begelei in 'n groeiende verhouding met Jesus Christus.*"

Geloof is wat groei in 'n *groeierende verhouding*. Veral 'n persoon se vertroue in God. Vertroue dat God is wie Hy sê Hy is en dat Hy sal doen wat Hy belowe het om te doen. Geloof, of vertroue is die kern van elke gesonde verhouding. Wanneer vertroue nie meer bestaan binne die verhouding nie, sal die verhouding nie langer voortbestaan nie.

Die hele Ou Testament vertel die storie van God wat aan sy volk sê: 'Vertrou My.' Die feit dat God sy wet aan Israel gegee het, eers nadat hulle geleer het om Hom te vertrou en te volg, is geen toevalligheid nie. Deur hierdie in gedagte te hou, is dit geen verrassing dat die woord *glo* die middelpunt is van Jesus se boodskap nie.

Om hierdie rede maak dit sin dat verlossing kom deur geloof en nie deur gehoorsaamheid nie.

Jesus was verwonderd wanneer hy bewus geword het van uitdrukking van groot geloof en klein geloof. (Mat. 8). Groot geloof het baie vir Jesus beteken en was hy beïndruk wanneer mense gereageer het op dit wat hulle van Hom geglo het. Dit is algemeen bekend dat mense hou van stories binne die gemeente waar mense op God vertrou het ten spyte van alles.

Indien dit ons missie is om mense te lei in 'n verhouding met God, 'n groeiende verhouding wat gelykstaande is aan geloofsgroei, is dit belangrik dat ons weet wat veroorsaak geloofsgroei by mense. Wat steek die ontwikkeling van geloof aan die brand? Wat is die bestanddele, dat wanneer dit bymekaargegooi word, die resultaat 'n groter vertroue by die persoon en die beloftes van God, uitbring?

Die vyf geloofskatalisators

1. Praktiese onderrig
2. Persoonlike dissiplines (Bybelstudies)
3. Persoonlike bediening
4. Voorsienige verhoudings (providential)
5. Deurslaggewende omstandighede (pivotal)

Hoofstuk 7 – Om my deel te doen

Katalisator 1: Praktiese onderrig

Jesus het met gesag gepraat tydens sy onderrig aan ander. Hy was nie tevrede deur net die waarheid te verkondig nie, Hy wou hê sy gehoor moet *reageer* op wat hulle hoor.

Jesus het geleer sodat daar **reaksie** kon wees, Hy het geleer sodat daar **lewensverandering** kon plaasvind. Ons het Hom selde gevind waar hy mense kasty vir hul gebrek aan kennis. Dit was egter altyd hul gebrek aan geloof, sigbaar deur 'n gebrek aan toepassing. 'Hy sê vir hulle: 'Waarom is julle bang, kleingelowiges?' Matt. 8:26. Jesus het nie verstandelike goedkeuring van die feite gesoek nie, maar het 'n aktiewe, lewende, doen-die-regte-ding geloof gesoek.

Wanneer mens gekonfronteer word met 'n aktiewe verhouding as antwoord op jou geloof, sal jy goed onthou hoe interessant die Bybel skielik geraak het. Daar het 'n verandering binne jou plaasgevind, jy het uitgegaan en toegepas wat jy gehoor het. God het jou geëer vir jou aktiewe geloof, jou geloof het met God se getrouheid gekruis en jou vertrou in God het groter geraak.

Praktiese onderrig wat mense tot aksie lei is een van die primêre dinge wat God gebruik om ons geloof te laat groei.

Wanneer die Woord van God aan ander geleer word, gaan dit nie oor jou *kennis* nie, maar oor die dinge wat jy *doen* wanneer jy ander leer. Kerklos, ongelowige mense word geraak deur boodskappe waar hul aan die einde daarvan prakties gewys word daarop wat hulle volgende moet doen.

Mense is meer geïnteresseerd in dit wat werk as in dit wat waar is. Mens kan amper die stelling maak dat feitlik niemand binne jou kerk daar is om die waarheid na te jaag nie, dit sluit jou vrou in. Hulle is daar om geluk te soek en te vind. Solank as wat jy die waarheid verkondig, sonder om ook melding te maak van die verskil wat die waarheid aan jou lewe gaan maak, mag jy dalk as irrelevant beskou word deur meeste van die mense in jou gemeente. Teologies mag jy heeltemal korrek wees, net soos die wetsgeleerdes in Jesus se tyd, maar jy mag dalk nie deur die gemeente ervaar word as iemand wat met gesag leer nie. Nog erger, niemand mag dalk na jou wil luister nie.

Al hierdie dinge mag jou mismoedig maak, veral gesien in die lig van die feit dat jy een van die min is wat die waarheid wil verkondig. Dit is ook jammer dat mense nie soos jy is in die verband nie, maar dit is ongelukkig hoe sake staan en gaan dit jou nie baat om jou teen te sit nie.

Indien jy egter gaan deurdruk deur die waarheid te verkondig, sonder om ook die voordele van Christenskap te leer, mag jy dalk met 'n gemeente sit wat hulself as verhewe bo ander beskou binne die gemeenskap. Jy gaan egter geen verskil in die wêreld waarbinne ons leef, maak nie.

Kultuur is soos die wind, dit kan nie gestop word nie. 'n Goeie seeman sal egter nie in die wind spuug nie, maar sy seile verstel sodat jy die winde van kultuurveranderinge kan gebruik om jou gehoor te neem na waar hul moet wees. Indien mense meer geïnteresseerd is in geluk, maak gebruik daarvan. Jesus het.

Die feit dat ons daarop aandring dat ons lering ander *help* en ons nie besef dat ons alleen die *waarheid* leer nie, word hier beklemtoon. Jesus was nie gerus met die feit dat Hy waar dinge geleer het nie. Die waarheid moet met handvatsels vir die lewe verkondig word. Die waarheid wat so verkondig word dat mense ook geleer word wat die volgende stappe van geloof is, laat mense se geloof groei.

Deur binne eredienste gebruik te maak van bepaalde tema's of 'n boodskap, eerder as om net die boeke van die Bybel aan mense te leer, is deel van praktiese onderrig. Wanneer daar wel geleentheid is waar 'n bepaalde boek van die Bybel tydens 'n erediens geleer word, soek vir 'n praktiese sy wat die hele preek saambind. Elke boodskap van elke geleentheid vir elke ouderdomsgroep word afgesluit met 'n oproep tot aksie.

Predikante en onderwysers moet hulself voortdurend die volgende vrae afvra:

- Wat wil jy hê moet hulle weet?
- Wat wil jy hê moet hulle doen?
- Wat kan ons doen om die volgende stappe daar te stel?

Hierdie vrae moet aanleiding gee tot die uiteindelijke doel om mense in hul geloof te laat groei.

Katalisator 2: Persoonlike dissiplines (Bybelstudies)

Iewers langs die pad van persoonlike geloofsgroei, begin Christene bid. Alleen. Hulle begin om die Bybel op hul eie te ondersoek.

Deur persoonlike bestudering van die Woord, word ons ingestel op die hart van God en word ons persoonlike verantwoordelikheid tot ons Hemelse Vader, beklemtoon. Daar word 'n direkte verband gevind tussen 'n persoon se persoonlike Godsdiensoefening en sy of haar geloof.

Een van die belangrikste dinge in jou lewe is jou persoonlike verhouding met Jesus Christus.

Eerste eeuse Jode se persoonlike Godsdiensoefening was beperk tot gebed en voordrag van die Ou Testament aangesien hulle nie kopieë van hierdie geskifte tot hul beskikking gehad het nie. Gedurende die Bergrede het Jesus egter nuwe beginsels geleer. Jesus het hierna verwys as 'dade van regverdigheid' (acts of righteousness) en het die persoonlike, intieme deel van hierdie eerste-eeuse Jode se geloof aangespreek. Jesus beklemtoon dit wanneer Hy sê: 'Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.' Mat 6:6

Wanneer geloofsgroei plaasvind word mense nie langer deur hul besittings besit nie.

Dit is belangrik dat ons ongelowiges so gou as moontlik sover moet kry om hulle Bybel te lees en te bid. Dit is nie nodig om skaam te wees om hulle hiertoe te roep nie. Soms is dit nodig om 'n gedrukte gebed aan ongelowiges te gee. Mense wat nie normaalweg bid nie, weet nie waar om te begin nie (Onse Vader?ss).

'n Vraag wat jy dalk kan vra is hoe maklik is dit vir mense om 'n Bybel in jou kerk te kry?

Katalisator 3: Persoonlike bediening.

Die Bybel is vol van illustrasies van mense wat deur God geroep word vir bepaalde diens ten spyte van hul oorweldigende gevoel van ontoereikendheid (SS: Where God guides, He provides). Dit is ook waar ten opsigte van die dissipels, Jesus het gedurig hul geloof uitgedaag deur hul in 'onmoontlike' situasies te sit.

'n Voorbeeld hiervan is te vind in Matt. 14:17: 'Hulle sê toe vir Hom: "Ons het hier net vyf brode en twee vissies."

Sekere dinge verander nooit nie: 'Ek is nie slim genoeg nie.'; 'Ek is nie geleerd genoeg nie.'; 'Ek het nie genoeg hulpmiddelle tot my beskikking nie.' Jesus se reaksie hierop het ook nie verander nie: 'Bring dit hier vir My.' Met ander woorde, 'Bring net vir my wat jy het en Ek sal daarmee werk.'

Bring dus jou beperkte geleerdheid, jou tekort aan ondervinding. Hierdie is amper die storie van elke vrywilliger binne die kerk. Wanneer ons egter dit wat ons het na Jesus bring, kan geweldige dinge gebeur. Geloofsgroei sal hierdeur ook plaasvind. Ons selfvertroue sal groei. Bediening dwing ons om doelbewus op God te vertrou.

Deel van 'n strategie wat aangewend word, is om die hoërskoolleerlinge betrokke te kry tydens die erediens.

'n Integrale deel van geloofsgroei is persoonlike bediening en is ons daartoe verbind om soveel as moontlik mense, so jonk as moontlik en so gou as moontlik te betrek. Daar kan nie gewag word tot mense 'gereed' is vir bediening nie. Wanneer is iemand dan werklik ooit gereed vir bediening? Jy gaan baie lank wag vir mense of jouself om gereed te wees vir bediening. 'n Klein bietjie vrees is soms 'n goeie ding, dit hou mense buigbaar, afhanklik en leerbaar.

Ons hele leierskapsontwikkelingsmodel is gebaseer op 'vakleerlingskap' eerder as die tradisionele opleiding binne 'n klaskamer.

Ons het deur ondervinding geleer dat hoe gouer jy persone aan 'n bedieningsomgewing blootstel, hoe beter. Verskeie dinge gebeur met 'n persoon wanneer hy aan hierdie bedieningsomgewing blootgestel word. Waarskynlik een van die belangrikste gebeurtenisse, is die verandering in so 'n persoon se hart.

Hoofstuk 8 – Uit die bloute

Katalisator 4: Voorsienige verhoudings.

Daar is twee dinge wat 'n verhouding voorsienig maak: Wanneer ons van God *hoor* deur iemand anders en wanneer ons God *sien* deur iemand anders. Ons geloof neem toe wanneer ons hierdie twee dinge waarneem.

Bill Willits gee in sy boek *Creating Community* 'n volledige beskrywing van 'n volwasse groepsmodel. Die waarde wat geheg word aan 'n voorsienige verhouding het bepaal dat ons 'n model van 'n geslote groep, eerder as 'n oop groep, aanvaar. Ons hele bedieningsmodel is daarop geskoei om mense binne groepe te organiseer.

'n Baie belangrike vraag is of jy saam met God werk?

Hebreërs 10:24-25: 'Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.'

Laat jou bedieningsmodel mense vinnig met mekaar skakel en behou hulle deur hierdie model skakeling met mekaar? Is jou model maklik en duidelik toeganklik binne die gemeenskap?

Katalisator 5: Deurslaggewende omstandighede

(self bygevoeg ter wille van verduideliking van hierdie katalisator)

Hierdie katalisator se uitdaging is daarin geleë dat ons hierdie omstandighede nooit vooruit kan voorspel of die uitwerking daarvan op ons geloof, kan bepaal nie. Dit is gewoonlik nooit die gebeurtenis op sigself wat ons in ons geloof laat groei of agteruitgaan nie, maar die manier waarom ons hierdie gebeurtenis interpreteer.

Kleingroep strukture

Die doel van ons geslote gemeenskapsgroepe is om aan enkellopendes of pare wat sekere uitdagings in die gesig staar, te ondersteun binne die verhouding van die kleingroep asook om hul te help om die probleem binne konteks te plaas.

Ons geloof word versterk wanneer ons daarin slaag om binne-in hierdie deurslaggewende omstandighede, God te vind. Dieselfde gebeur wanneer ons mense help om God te herken binne hul lewensomstandighede.

Dit is vir my belangrik dat God deur ons model moet kan werk en nie ten spyte daarvan nie.

Selfs Paulus het homself nooit as 'gearriveer' beskou nie. Hy het besef daar is soveel meer om te leer, om te ervaar, te verstaan. Hy het hom beskou as 'n 'navolger in proses.' Die strewe na geestelike volwassenheid kan beskou word as 'n lewenslange proses.

Jou bedieningsmodel moet so ontwerp en gebou word dat dit beide buigsaam en dinamies moet wees sodat dit aan lidmate in elke seisoen van hul lewe die nodige ondersteuning sal bied. Die tieners binne jou gemeente het geloof nodig wat hul kan dra deur die uitdagings van addolosensie. Die studente het geloof nodig wat groot genoeg is om God met hul toekoms te vertrou. Getroude pare het nodig om deur hul geloof God te vertrou met hul wederhelftes en hul kinders.

Edelmoedigheid (of vrygewigheid?) versterk ons geloof gedurende elke stadium van ons lewens.

Net soos jy, wil ek graag 'n kerk bou met mense wat standvastig is in hul geloof, nie bloot net mans en vroue wat die Bybel ken nie, mans en vroue wat vertrou dat God is wie Hy sê Hy is, mense wat deur hul optrede die gemeenskap noodsaak om van hulle kennis te neem.

Deel 4 – Gaan wyd. Waarom hulle daarvan hou om te na die kerk te kom?

Hoe sien jou kerk daarna uit, hoe lyk die omgewing t.o.v. matte, reuke, gordyne, ligte ens.

Wat is die lesse wat besoekers leer deur hul eerste kontak met die kerk?

- 1: Ons verwag nie gaste nie.
- 2: Wat ons hier doen, is nie heeltemal so belangrik nie.
- 3: Ons verwag dat iemand anders sal opruim.
- 4: Ons is nie trots op ons kerk nie.

Hoofstuk 9 – Skep 'n onweerstaanbare omgewing

Elke bedieningsomgewing kommunikeer 'n bepaalde boodskap. Daar bestaan nie iets soos 'n neutrale omgewing nie en is die omgewing die boodskap voor die *boodskap*. Belangrik om te onthou, die diens begin reeds binne die parkeerarea.

Daarom is dit belangrik om te bepaal watter boodskap die omgewing aan die gemeenskap kommunikeer. **Ons moet kies watter boodskap die mense voor die *boodskap* ontvang. Behalwe...**

Behalwe wanneer jy 'n kerk wil skep vir kerkmense. Kerkmense sal byna enigiets verduur solank hulle net nie te lank by die kerk gehou word nie.

Die omgewing neem egter 'n nuwe betekenis aan wanneer 'n groep mense of die leiers van die kerk, die visie, harte en verbeelding van mense wat hulself as kerkloos of kerkloos, aangryp.

Hoe langer jy jousef binne 'n bepaalde omgewing bevind, hoe langer jy doen wat jy nog altyd gedoen het, hoe moeiliker raak dit om die omgewing waarbinne jy is, objektief waar te neem en te sien dat daar sekere veranderinge nodig is.

Jy verval in 'n groef waar jy hou van hoe dinge gebeur. Dit maak die dinge wat gedoen word, egter nie reg nie, dit maak dit net gemaklik en voorspelbaar.

Dit is nodig om die volgende vrae te vra:

- Hoe lyk 'n onweerstaanbare bedieningsomgewing vir kinders?
- Wat maak 'n bedieningsomgewing onweerstaanbaar vir laer- en hoërskoolkinders?
- Op watter manier kan ons ons groepsmodelle meer onweerstaanbaar maak?
- Hoe kan ons ons aanbiddingsdiens meer onweerstaanbaar maak?
- Hoe kan die bediening aan enkellopendes meer onweerstaanbaar gemaak word?

Wanneer jy jou bedieningsomgewing standaardiseer en kwantifiseer t.o.v. *goed*, sal die ewaulasie daarvan 'n manier van doen word.

Vrae wat belangrik is om te bepaal of jul oor 'n onweerstaanbare omgewing beskik:

- Vraag 1: Is die omgewing aanvaarbaar?

Elke bediening vind plaas binne 'n fisiese omgewing.

God het aan elk van ons 'n bepaalde gawe gegee. Sommige is goed met syfers, ander met organisasies en ander om 'n bepaalde omgewing te neem en dit in te rig sodat dit gemaklik, aantreklik en onweerstaanbaar is.

Deur die skeppingsverhaal in Genesis kan ons sien dat God die oorspronklike binneversieder was. Dit is dus geen wonder dat ons behoefte aan orde en die waardering van skoonheid, deel van ons is nie. Dit is slegs 'n refleksie van iets wat ons in God gevind het.

Eerste indrukke is baie belangrik. Mense gaan ongemaklik voel in 'n omgewing wat ongemaklik is. Dit is belangrik om te weet dat die argitektuur, ontwerp, dekor, klank en beligting 'n invloed het op hoe mense die bediening waarneem.

Deur jou omgewing te organiseer, is die boodskap wat uitgaan aan andere dat 'ons hier iets belangriks doen.' 'n Georganiseerde omgewing gee daartoe aanleiding dat

andere jou ernstig opneem. Die boodskap wat uitgaan is dat alles hier onder beheer is.

Selfs wanneer jou parkeerruimte 'n uitdaging is, kan die blote feit dat jy mense aanstel om parkeerplekke aan te wys, die boodskap uitstuur dat dinge hier georganiseerd plaasvind.

In jou gemeente is dit belangrik dat andere *sien* jy doen goed, moenie net goed doen nie. Persepsie is dus baie belangrik. Dit is nie noodwendig regverdig nie, maar dit is wel waar. Ontwerp, dekor en die aandag wat aan detail gegee word kommunikeer aan ander dat jy jou teikengroep verstaan. Dit kommunikeer wie jy van waarde ag. Deur byvoorbeeld jou moederskamers so in te rig dat dit kindervriendelik is, kommunikeer aan ouers dat kinders vir die gemeente belangrik is.

Binne Andy Stanley se gemeente is daar kamers ingerig spesifiek vir die ontvangs van kerklos mense. Dit is ingerig soos 'n woonkamer, nie 'n klaskamer nie, 'n plek waar gesprekke aangeknoop kan word. Hierdie uitleg stuur die volgende boodskap uit:

- Hierdie omgewing is belangrik vir ons.
- Jy is belangrik vir ons.
- Ons ken 'n paar goeie binneversierders.

Vra iemand om krities na die kerk se dekor te kyk. Is daar iets wat steurend voorkom, waar is daar 'n lagie verf nodig, wat moet dalk weggegooi of vervang word en is die algehele voorkoms aantreklik?

- Vraag 2: Beskik jul oor 'n innemende aanbieding? (Is die aanbieding boeiend?)

Die tweede bestanddeel vir 'n onweerstaanbare omgewing is 'n boeiende aanbieding. 'n Belangrike vraag wat dus gevra moet word, is nie of die waarheid verkondig word nie, maar of die aanbieding boeiend was? Kerke is nie leeg omdat predikante leuens verkondig nie, sommige mense verlaat nie die kerk omdat predikante die Bybel verlaat het nie. Die kerk lei nie gebrek aan praatjies oor die waarheid nie.

Indien jy egter meer mense van die gemeenskap by jou kerk wil betrek is dit nodig om meer boeiend te wees. Besluit dus om jouself daartoe te verbind om innemende aanbiedings binne elke vlak van die organisasie te lewer.

Dit is soms jammer om te sien dat die groep wat in die Naam van Jesus vergader, so min doen om namens Hom te kommunikeer. In die Evangelies kan duidelik gesien word hoe innemend Jesus was. Hy het dit geneem wat vir hulle duidelik en verstaanbaar was om iets te verduidelik en 'n boodskap oor te dra.

Matteus 13:24: 'Hy het nog 'n gelykenis aan hulle voorgehou en gesê: "Die koninkryk van die hemel kan vergelyk word met 'n man wat goeie saad op sy land gesaai het.'"

Matteus 13:31: 'Hy het nog 'n gelykenis aan hulle voorgehou en gesê: "Die koninkryk van die hemel is soos 'n mostersaadjie wat iemand gevat en in sy land geplant het.'"

Matteus 13:44: 'Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n skat wat in 'n saailand onder die grond lê.'

Matteus 13:45: 'Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n handelaar wat opsoek is na goeie pêrels.'

Matteus 13:47: 'Verder gaan dit met die koninkryk van die hemel soos met 'n treknet wat in die see gegooi is en allerhande soorte visvang.'

Matteus vertel in Matteus 7:28-29 aan ons nadat die Bergrede gelewer is dat: 'Toe Jesus klaar gepraat het, was die skare verbaas oor sy onderrig, want Hy het hulle geleer soos 'n man met gesag en nie soos hulle skrifgeleerdes nie.'

Jesus was nooit maar net tevrede om slegs te sê wat waar is nie. Om bloot reg te wees was nie genoeg nie. Om Bybels te wees, was nie genoeg nie. Om eksegeties korrek te wees, was nie genoeg nie. Al hierdie dinge was nie die rede vir Sy koms nie. Hy het gekom om die te soek en te red wat verlore was. Hy het gekommunikeer tot aan die einde van Sy lewe op aarde.

Voordat jy die verlore nes kan soek en red moet jy eerstens hulle aandag gevange neem. Dit is presies wat Jesus gedoen het en soos wat Hy gedoen het, so moet ons ook doen. Tensy....Tensy ons daarmee tevrede is om die inhoud aan kerkmense te verkondig.

Howard Hendricks het gesê: 'Dit is 'n sonde om kinders te verveel met die Woord van God.' Deur die Woord aan kinders of tieners in 'n onpersoonlike manier te leer, veroorsaak presies die teenoorgestelde as wat ons wil bereik. Ons leer hulle:

- Die Bybel is vervelig.
- Die Bybel is irrelevant.
- Die kerk is irrelevant.

Die missie is krities

Die kerk is in die 'aanbiedings' besigheid. Ons is die enigste entiteit wat getaak is met die verantwoordelikheid om die Evangelie aan te bied. Aangesien mense nie die kerk se deure

afbreek om die boodskap te hoor nie, is dit ons taak om elke moontlike stukkie kreatiwiteit in te span ten einde ons aanbiedings innemend te maak.

Jou aanbieding moet uitstaande wees op elke vlak van die organisasie. In die meeste gevalle is dit die aanbieding wat die inligting interessant maak.

Bedink jou aanslag

Soms neem ons 'n jeugleier in diens en verwag van hom om die boodskap van die Evangelie op 'n sinvolle, kreatiewe manier aan studente oor te dra – die moeilikste groep om mee te verbind op die planeet. Dan is ons gefrustreer deur die feit dat hierdie leiers nie die boodskap kan oordra nie. In Hollywood terme verwag ons van die akteurs om goeie skrywers en redakteurs te wees.

Indien jou sisteem berus op personeel en vrywilligers om vaardig te wees met een of twee van hierdie dissiplines, gaan jy altyd tevrede moet wees met middelmatige resultate. Daar mag dalk die uitsondering bestaan van een persoon wat dit wel regkry, maar jy kan nie 'n suksesvolle bedieningsmodel bou op die uitsondering op die reël nie. Jy benodig 'n sisteem waar goed toegeruste persone die inhoud kan saamstel, en persone wat goed is in verhoudings bou, die groepe fasiliteer.

Hulle is daarbuite

Baie moeite moet gedoen word om 'n sisteem daar te stel wat kommunikeerders en persone wat inhoud saamstel die vryheid te gee om te doen wat hulle die beste doen. Kies persone met die beste aanbiedingsvaardighede, gee hulle toegang tot die beste materiaal en laat hulle uitgaan om te werk. Gebruik hierdie aanbieders in verskillende departemente binne die organisasie.

'n Persoon wat nie noodwendig oor die vermoë beskik om self die werk te verrig nie (kan nie oplei nie, kan nie kitaar speel nie, kan nie voor groot groepe praat nie), maar wat wel persone kan werf wat hierdie werk kan doen, is van onskatbare waarde. So 'n persoon sien gewoonlik die potensiaal in ander, help hulle om daardie potensiaal te ontwikkel en gee dan aan hulle die leisels om self verder te gaan.

Meer as net pratende koppe

Innemende aanbiedings behels soveel meer as net persone wat praat. Moet nooit die uitvoering van 'n sekere taak waarvoor 'n persoon oor die nodige vaardigheid moet beskik, delegeer aan 'n personeellid nie. **Delegeer verantwoordelikheid, nie take nie.**

Pas jou sisteem so toe dat die beste aanbieders, die aanbieding doen. Vind die teologiese denkers in jou gemeente wat kan help met die inhoudsamestelling.

Vraag 3: Is die inhoud bruikbaar?

Vir inhoud om van waarde te wees, is dit belangrik dat ten minste een van die volgende drie dinge, bereik moet word:

- Help om mense Bybels te laat dink.
- Help mense om Bybels op te tree.
- Help mense om Bybelse lering binne konteks te plaas.

Dink reg

Ons het almal al gesien wat gebeur met 'n persoon wanneer hulle die waarheid van God se liefde ervaar as 'n 'ongeag' tipe liefde. Wanneer 'n persoon tot hierdie besef kom, veroorsaak dit 'n gedaanteverandering. Wanneer 'n enkelopende volwasse persoon die waarheid omtrent morele reinheid, wat die weg na intimiteit baan, besef, is dit gedaanteveranderend.

Daar vind 'n verandering in mense plaas wanneer hulle besef dat God alles besit en dat hulle alleen maar die bestuurders en rentmeesters daarvan is.

Die oomblik wanneer mense werklik verstaan, vind daar 'n paradigma skuif plaas. In hierdie proses verander niks, behalwe jy. Hierdie hele verandering wentel om denkpatrone wat geskuif het. Ons onderskat nogsteeds die waarde van Jesus se woorde toe Hy gesê het in Johannes 8:32; 'en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.'

Veranderde lewens is die resultaat van hernude denke. Deur mense te help om anders te dink, is van waarde. Die waarheid is egter van geen hulp indien mense dit nie verstaan of onthou nie. Wanneer daar egter klem daarop gelê word, het die waarheid die krag om ons vry te maak. 'n Deeglik geformuleerde verklaring aangaande die waarheid, het die mag om die manier waarop 'n persoon na verhoudings, die huwelik, moraliteit, ouerskap, geld, armoede en die wêreld kyk, te verander! Dit is hulpsaam.

Deur reg te dink, reg te glo, die wêreld deur God se oë te sien, is alles katalisators vir verandering!

Ons is almal bekend met Jakobus se verklaring dat geloof sonder daade, dood is. (Jakobus 2:26). Soms word sy vorige verduideliking buite rekening gelaat waar hy definieer wat hy bedoel met dood. In Jakobus 2:20 verduidelik hy dat geloof sonder daade nutteloos is. Dit is dus nutteloos om iets te weet maar nie weet wat om daarmee te maak nie.

Jesus het die Bergrede afgesluit met 'n uitdaging om dit wat Hy geleer het, toe te pas. 'Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens *handel*, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het.' (Matteus 7:24, klem bygevoeg).

Wanneer ons hierdie hele vergelyking lees, is die punt wat Jesus wil maak, baie duidelik. "*Indien jy nie toepas wat jy vandag geleer het nie, kon jy netsowel tuisgebly het. Deur toe te pas wat jy vandag gehoor het, sal jou bewaar en jou oprig.*

Kennis alleen maak Christene hoogmoedig, maar deur dit toe te pas, word ons heilig. Indien jy 'n kerk wil hê wat gevul is met gelowiges wat Bybels onderrig is, moet jy slegs verduidelik wat die Bybel sê. Indien jy egter 'n verskil binne jou gemeenskap wil maak en moontlik binne die wêreld, moet jy aan mense handvatsels gee, volgende stappe en 'n spesifieke toepassing.

Daag mense uit om iets te doen. Dit is nie veilig om te aanvaar dat mense outomaties gaan weet wat om te doen met dit wat hulle geleer het nie, hulle het 'n rigtingwysing nodig.

Dus is dit belangrik om na elke aanbieding te vra of die gehoor sal weet wat om te doen met dit wat hulle geleer is?

Doelbewuste verband

Reggie Joiner noem dat indien jy wil hê die inhoud van jou preek moet waardevol wees, moet jy addisionele stappe neem ten einde die inhoud daarvan binne 'n bepaalde verband te bring. Die inhoud van 'n preek word ervaar as waardevol wanneer dit 'n bepaalde behoefte aanspreek. Wanneer die inhoud nie 'n bepaalde behoefte aanspreek nie, word dit as irrelevant ervaar. Die inligting wat aan die gehoor deurgegee word, mag dalk relevant wees, maar indien hulle nie verstaan hoe dit met hul eie lewe verband hou nie, is die boodskap net nie interessant nie.

Vroeër is vrae soos die volgende gevra:

- Wat sal vir voorskoolse kinders van waarde wees om te weet?
- Wat sal vir laerskoolkinders van waarde wees om te weet?
- Wat is die handjievol waarhede wat ons wil hê hoërskoolkinders moet weet voordat hulle ons invloed sfeer verlaat?
- Watter Bybelse verhale en beginsels sal die meeste van waarde wees vir enkellopendes?

Hierdie tipe vrae dwing jou om te fokus.

Die volle waarheid

Deur die hele Bybel te leer, skep nie Bybelskoliere nie. Inteendeel, dit skep mense wat dink hulle is Bybelskoliere. Hierdie mense is gewoonlik die gemeenste, mees liefdeloosste mense op die planeet.

Onthou die weduwee wat alles gegee het? Jesus het meer van haar gehou as van die Farisieërs. Sy was 'n doen mens.

Die groot drie

Deur die omgewing, die aanbieding en inhoud te evalueer, kan die onweerstaanbaarheid van die omgewing bepaal word.

Die volgende vrae moet gevra word:

- Is die omgewing aanvaarbaar?
- Is die aanbieding boeiend?
- Is die inhoud bruikbaar?

Hoofstuk 10 – Reëls tot verbintenis

Sodra 'n bepaalde groep tevrede is met 'n bepaalde bediening of bedieningstyl, sal hulle 'n weg vind om hulself te oortuig dat wat hulle doen belangrik is vir die sukses van die kerk. Of dit nou is of nie.

Die boodskap wat gebring word, moenie voorspelbaar wees nie. Wanneer beplanning vir 'n ereadiens gedoen word, word konsensus bereik oor wat van die diens 'n goeie diens gaan maak.

Vir elke persoon is die definisie van 'n goeie preek anders. Sodra daar konsensus bereik kan word oor wat 'n goeie preek definieer, verminder dit die onvermydelike spanning soos wanneer elke persoon dink slegs sy definisie is reg.

Twee wen-situasies kan deur die gemeente bepaal word, een 'n onmiddellike wen-situasie en die ander 'n langtermyn doelwit. Die onmiddellike wen kan wees wanneer 'n gereelde kerkganger 'n kerkklos vriend na die ereadiens bring, dat die dit so geniet dat hy of sy terugkeer. Wanneer hierdie kerkklos vriend dan weer 'n ander kerkklos vriend saambring, is dit werklik iets om te vier. Ons rig ons naweekdienste so in dat hierdie terugkeer van 'n kerkklos persoon, gevier word.

Die naweekdienste word beplan rondom die persoon wat ander uitnooi, asook die uitgenooide gaste. Wanneer die risiko geneem word om 'n persoon wat vêr van God is, uit te nooi na die ereadiens en daardie persoon word so geraak dat hul terugkeer die volgende Sondag, is dit asof die teiken getref is.

Nie alle gemeentes se wen-situasies vir 'n naweekdiens sal dieselfde wees nie, maar is dit belangrik dat elke gemeente sy eie wen-situasie definieer. Die oomblik wanneer dit gedoen is, kan die 'pret' begin.

Die langtermyn doelwit is om almal in die gehoor, veral 'n diverse gehoor, te beweeg van waar hulle is tot waar jy wil hê hulle moet wees. Hierdie doelwit vereis gemeenskaplike grond. Indien jy op reis gaan en wil hê ek moet jou volg, moet jy my kom haal. Die reis moet begin van waar ek is, nie waar jy is of waar jy dink ek veronderstel is om te wees nie. Indien jou reis begin met die veronderstelling dat almal in die gehoor, gelowiges is, sal jou gehoor uiteindelik bestaan uit gelowiges. Waarom? Jou aannames skep die gemeenskaplike gronde wat nodig is vir die reis om te begin.

Wanneer daar ingeskakel word by 'n bepaalde emosie, is dit heel dikwels die beste wegspringplek om 'n persoon se uitkyk of benadering tot die lewe, te beïnvloed.

Alle persone, van die skeptici tot die engeltjie, weet wat dit is om seer te kry, om te twyfel en om te hoop. Almal hou daarvan om te lag, om 'n storie van verlossing te hoor. Almal weet wat is vrees en onsekerheid. Almal het vrae.

Dit is dus belangrik om reeds vroeg tydens die oordra van jou boodskap, almal in die vertrek in eenstemmigheid te laat bereik betreffende 'n sekere saak of aangeleentheid. Deur spanning te skep, bewerkstellig jy belangstelling maar sodra hierdie spanning verwyder word, sal die belangstelling verdwyn.

Jesus was eenmaal omring deur 'n diverse gehoor, belastingbetalers, vissermanne, Farisieërs, belangrike persone van Rome en ook die hulpbehoewendes van Palestina. Jesus het egter geweet dat al hierdie mense een ding in gemeen het, almal was verward oor God se houding teenoor sondaars.

Jesus het geleer deur middel van gelykenisse en het die Farisieërs tot die slotsom gekom dat God dieselfde voel oor 'n sondaar as wat hulle voel oor 'n verlore muntstuk. Jesus het hulle uitgedaag om anders te dink oor sondaars, om na sondaars te kyk soos God na hulle kyk. Hy het egter nie by God begin nie, maar by hulle.

Reëls tot verbintenis

'n Reis word vir die persone wat die dienste bywoon, beplan. Op makrovlak is die doel van die reis om die gehoor te laat inskakel (te interesseer), om hulle te betrek en dan uiteindelik om hulle uit te daag.

Eerstens is dit belangrik om die hele gehoor weekliks te laat inskakel (mense geïnteresseerd te maak). Ondervinding het egter geleer dat dit die punt is waar die meeste gemeentes fouteer. Hulle gaan uit van die standpunt dat almal reeds geïnteresseerd, betrek en ingelig is.

Die tweede stap in die reis is om die gehoor te betrek. Sodra 'n gehoor emosioneel geïnteresseerd is, is dit moontlik om hulle fisies te betrek. Weerstaan die moontlikheid om deur mense beïnvloed te word wat nie vertrou kan word nie. Gemeenskaplike gronde is nodig vir vertroue en vertroue vereis empatie.

Inskakeling – stap nommer 1: Belewenis voor die diens.

Die volgende word hierby ingesluit: Jou ondervinding in die parkeerarea, die gange en die proses om 'n sitplek te vind. Duidelikheid van aanwysings (bv. die badkamer ens.), skoon en netjiese badkamers, die temperatuur van die gebou en die beligting. Wanneer 'n persoon geaffronteer word voor die diens, gaan dit byna onmoontlik wees om hom tydens die diens geïnteresseerd te kry.

Sorg dus dat die belewenis voor die diens, reeds 'n positiewe ervaring vir mense is. Dit is belangrik dat mense gemaklik sal voel. Deur navorsing het dit aan die lig gekom dat mans gewoonlik wil weet hoe lank gaan die diens duur en wanneer sal hul weer tuis wees. Dit is belangrik om hierdie aspek so gou moontlik aan te spreek. Die persoon wat die verwelkomings doen, kan dadelik wegval deur byvoorbeeld te noem dat almal vir ongeveer 'n uur hier besig gaan wees.

Dit kan help deur 'n webtuiste te skep waar 'n persoon wat nog nooit jou dienste bygewoon het nie, kan gaan kyk na hierdie kwessies.

Vir die belewenis voor die diens is dit belangriker om die persoon gemaklik te laat voel as om teologies te raak oor sekere aspekte.

Dit is belangrik dat die parkeerarea, gange, auditorium en verhoog, nie enige hindernisse moet hê nie.

Dit is belangrik om die musiek voor die diens so te kies met die eerste besoeker en kerklose mense ingedagte. Deur inligting herhalend op die flitsborde te sit, bv. die teksverse waaruit gelees gaan word, kan die persone wat nuut is in die gemeente reeds die geleentheid kry om dit op te soek. Alhoewel dit belangrik is om sekere dinge aan die bestaande gemeente te kommunikeer, moet dit nie so na binne gerig wees dat gaste nie daarby ingesluit word nie.

Inskakeling – stap nommer 2: 'Ysbreker' (opener)

Dit is belangrik om die gehoor binne die eerste drie minute van die diens sover te kry om te glimlag of selfs te lag. 'n Ysbreker kan 'n lied of 'n interaktiewe speletjie wees wat die gehoor betrek. Hierdie ysbreker moet gewoonlik die mense laat met 'n gevoel van genot. Ons kry baie te doen met mense wat al *vir* die kerk gelag het, maar nog nooit *in* die kerk gelag het nie. Hulle het hulself nog nooit tydens 'n kerkdienst geniet nie.

Inskakeling – stap nommer 3: Welkom

Wanneer mense by jou huis aankom, verwelkom jy hulle. Dieselfde moet binne die gemeente gebeur. Wanneer gaste by jou huis opdaag, verdien hulle jou onverdeelde aandag. Jy doen alles binne jou vermoë om hulle tuis te laat voel. Hulle moet gemaklik voel. Die verwelkoming gaan dus om die gaste en nie om die huismense nie.

Betrek – stap nommer 4: Sang

Die verwelkoming dui die einde van die 'inskakeling' aan. Mense moet nou betrek word by die diens. Dit is bitter onregverdig om verskillende tipe gelowiges in 'n situasie te plaas waar hulle verplig voel om te aanbid. Wat gaan hulle reaksie wees? Gaan hulle opstaan en uitstap? Nee, hulle enigste uitweg is om op te staan en voor te gee asof hulle saamgaan met iets wat hulle nie verstaan nie. Ons maak huigelaars van hulle!

Indien jy bewus raak van ongelowiges in jou diens, laat vaar eerder die term aanbidding en verander dit na sang. In die Nuwe Testament het aanbidding in alle geval nie met 'staan' gepaard gegaan nie, maar met 'n 'neerbuiging' (neer te val). Indien dit vir jou belangrik is om 'n kerk te skep wat kerklos mense geniet om by te woon is dit nodig om soos 'n buitestander te dink.

Wanneer gelowiges saam sing, vind aanbidding plaas. Wanneer waarheid saam met musiek aangebied word, penetreer dit die hart soos min ander dinge kan. Samesang het 'n kragtige evangeliese uitwerking.

Hierdie is veral waar wanneer 'n persoon wat vir baie lank nie eredienste bygewoon het nie, weer kerk toe gaan. Hy word dalk gekonfronteer met 'n lied wat hom herinner aan sy kinderdae, 'n tyd toe die lewe ongekompliseerd was. Die punt is, noem hierdie stap net wat jy wil en laat God toe om dit te gebruik soos Hy wil.

Begin jou sang met liedere wat God se glorie soos in die natuur verkondig, besing. God se liefde, Sy krag, Sy genade, Sy vergifnis.

Aanvaar egter dat sommige mense nie daarvan hou om te sing nie. 'n Persoon se deelname aan sang is nie 'n refleksie van die persoon se verbintenis tot God of sy geloofsvolwassenheid nie.

Betrek – stap nommer 5: Doop

Die doop word hier baie strategies geplaas, net voor die offergawe. Kerklos mense word baie gou verwar deur die manier waaroor kerke oor geldsake praat. Deur offergawes te laat volg na die doop, word ons die kans gegun om 'n lewensverandering te koppel aan vrygewigheid. Ons noem aan die gaste dat die lewensveranderende stories wat hul hier gesien het, 'n oorfloei is van die persone se finansiële vrygewigheid tot hul plaaslike kerk.

Ons laat die gaste verstaan dat die gebou vir *hulle* gebou is en dat dit ons wens is dat God hulle harte so sal verander dat hulle dieselfde sal doen as die persone wat pas gedoop is.

Ons dra die boodskap oor aan die gaste dat hulle welkom is om elke week kerk toe te kom, gratis. Gratis aangesien hulle tussen mense sit vir wie dit belangrik is dat almal die Evangelie aanhoor, mense wat ruim bydra ten einde die doel te bereik. Hierna word gebid en die kollekte opgeneem.

Betrek – stap nommer 6: Spesiale effekte (specials?)

Spesiale effekte is een van die elemente wat ongereeld gebruik word. Dit sluit in liedere, onderhoude of video's. Spesiale effekte word gebruik om mense ongemaklik te laat voel. Spesiale effekte word gebruik om sekere strydvrage na vore te bring, hulle verwys na 'n sekere verborgenheid of geheimenis.

Uitdaging – stap nommer 7: Pakket of boodskap

(Title Package) Die pakket/boodschap behels 'n een-minuut video wat die titel en tema van die spesifieke reeks, deurgee.

Deur hierdie benadering te volg en die saad van God se Woord te saai, bestaan daar geen waarborg dat die saad sal wortelskiet nie, maar hoop ons die benadering verseker dat iemand volgende keer weer die diens sal bywoon sodat daar weer gesaai kan word.

Die grond waarin gesaai word, verander. Om hierdie rede is dit belangrik dat 'n kerk verhoudings sal bou al is hul harte nog weerstandig vir die boodskap.

Uitdaging – stap nommer 8: Afsluiting

Die afsluiting is gewoonlik 'n lied, maar word net soos die spesiale effekte, spaarsamig gebruik. Die afsluiting kan 'n hele spektrum van moontlikhede insluit, lofliedere, solo's of samesang.

Hoofstuk 11 – Dubbelloop prediking

'n Vraag wat baie gevra word, is hoe 'n predikant beide vir gelowiges en nie-gelowiges kan preek?

Vir die meeste predikante sal dit dalk vereis dat hulle leer om dinge anders te doen.

Om kerklos mense suksesvol betrokke te kry by die naweekdienste het meer te doen met die benadering en die aanbieding as die inhoud. Aanbieding bepaal belangstelling.

Kerkleiers is bekommerd oor die lidmate in die ouderdomsgroep agtien tot vyf-en-twintig wat die kerk verlaat. Dit is ongelukkig gewoonlik hierdie kerkleiers wat juis daartoe bydra dat hierdie groep die kerk verlaat. Anders gestel, die groep mense wat daarvoor verantwoordelik is om hierdie jongmense te laat inskakel by die plaaslike gemeente, is juis

die groep mense wat hulle wegdryf. Dit was nie hulle bedoeling nie. Dit is juis die benadering en aanbieding wat hierdie 'wegdryf' van die jong lidmate veroorsaak.

Ons beskik nie vandag oor die luukse om die maniere van kerkgaan van die vorige generasie op te pas nie. Jy het slegs een lewe om 'n verskil te maak. Maak die nodige aanpassings in jou benadering.

Dit is nodig om die volgende vrae deur te worstel:

1. Dra die benadering van my boodskap my begeerte aan kerklos mense oor om die erediens by te woon, terug te kom en 'n vriend saam te bring?
2. Indien nie, is ek bereid om aanpassings in my benadering te maak?

Dit is belangrik om die mense weg te stuur na 'n erediens, verwonderd deur die feit dat iemand hul pas iets uit die Bybel geleer het wat behulpzaam was. Skeptici moet twyfel in hul ongelooft en gelowiges moet 'n dieper geloof bekom.

Wanneer mense oortuig is dat jy iets *vir* hulle wil hê en nie iets *van* hulle nie, is die kans skraal dat hulle beledig sal voel wanneer jy aan hul 'n uitdaging rig.

Neem tyd om te bepaal wat dit is wat jy wil bereik deur die eredienste aan kerklos en kerkloos mense.

Riglyne vir prediking aan kerklos mense

1. Laat hul verstaan dat jy weet hulle is daar.

...en wees bly daaroor.

Dit is belangrik om tydens hierdie dienste mense in te sluit. Hulle moet weet jy is bewus van hulle en dat jy gelukkig is daarmee.

Kerklos mense voel asof hulle soos 'n seer vinger uitsteek. Hulle aanvaar dat almal mekaar ken in die gemeente en dat almal weet hulle is buitelanders. Die afstand in hul gedagtes tussen hulle en die res van die gemeente is kilometers nie meters nie. Hulle voel soms soos gaste wat ingesluit het in iemand se huis.

Hulle is nie seker van die feit dat jy bly is dat hulle daar is nie.

Dit is dus belangrik om so gou as moontlik na die gaste in die erediens te verwys.

2. Begin met die gehoor ingedagte.

.....nie jou boodskap nie.

Mense wat goed kan kommunikeer, neem ander op 'n reis. Indien dit jou begeerte is dat kerklos mense jou op hierdie reis moet volg, kan dit dalk nodig wees om 'n paar stappe terug te gaan van waar jy normaalweg sou begin. Jesus het dit reggekry met

die vergelykings wat Hy vertel het oor God se optrede teenoor sondaars. Hy het met skape begin.

Jesus het nie aarde toe gekom om waarhede te verkondig nie. Jy het nie gekom om *reg* te wees nie. Hy het gekom om die Vader te verduidelik en om te betaal vir ons sondes. Waar duidelikheid dus van die uiterste belang was, het Jesus ver genoeg teruggegaan sodat die hele gehoor kon opklim. Waar jy begin gaan bepaal wie jou gaan volg.

Dit is dus belangrik om die gemeente oor te haal om jou op hierdie reis in 'n bepaalde Bybelgedeelte te volg. Voordat mense na die bepaalde teks geneem word, moet hulle alreeds in hul gedagtes dink: 'Ek is bly ek het vandag gekom.'

3. Kies een gedeelte (passage) en hou daarby

...almal sal bly wees jy het

Ons wen wanneer ons iets sê wat die Bybel meer toeganklik en minder intimiderend maak.

4. Gee toestemming om nie te glo nie

...of om te gehoorsaam

Christene is aanspreeklik aan ander vir hoe hulle leef. Ongelukkig is Christene baie lief daavoor om die gedrag van nie-Christene te oordeel.

Paulus spreek hierdie aan in 1 Korintiërs 5:12-13: 'Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel, maar julle moet oor julle eie mense oordeel: "Verwyder die slegte mense onder julle uit!"

Christene huigel wanneer hulle van nie-Christene verwag om soos Christene op te tree wanneer hulleself nie so optree nie. Eerste-eeuse Christene het nie-Christene nie geoordeel omdat hulle soos nie-Christene opgetree het nie. Hulle het van Christene verwag om soos Christene op te tree.

Om te verwag om iets te *doen*, verskil baie van om uitgenooi te word om iets te *probeer*. Nooi die nie-Christene uit om op te tree soos Christene, om die beginsels wat geleer word, toe te pas, om denke te vernuwe.

Christen enkellopendes is uitgedaag om hul kinderagtige beskouing van die liefde, seks en afspraak agter te laat en eerder te fokus op *wie* hulle *word* eerder as wie hulle *jag*.

Die perfekte resep vir 'n ongelukkige einde is wanneer jy die regte persoon ontmoet voordat jy die regte persoon geword het.

Soms is dit nodig om die volgende vraag te vra: 'Is jy die persoon wat die persoon vir wie jy soek, na soek? Jy het 'n Hemelse Vader wat jou graag wil help om daardie persoon te word.

Weereens: Wanneer mense daarvan oortuig is dat jy iets *vir* hulle wil hê en nie iets *van* hulle wil hê nie, sal hulle nie beledig voel wanneer jy hulle uitdaag nie.

5. Vermy 'Die Bybel sê'

...want dit doen nie.

Vir die eerste drie honderd jaar van Christenskap, was daar geen Bybel nie. Mense het Christus se volgelinge geword voordat die Evangelies eers geskryf was.

Indien jy ernstig is om 'n geloofsomgewing sonder enige hindernisse te skep, is dit soms nodig om jou benadering te verander. Baie mense, insluitend Christene, verstaan nie wat die Bybel werklik is nie. Mense se teenstand teenoor die Bybel word gewoonlik gebaseer op valse aannames wat deur Christene gemaak word en word hierdie aannames versterk deur die manier waarop Christene oor die Bybelse geskryfte praat. Laat ons dus verseker dat indien mense wel die boodskap van Christenskap verwerp, hulle die werklike boodskap verwerp eerder as 'n slegte karikatuur daarvan.

Om hierdie rede is dit verkeerd om te sê: 'Die Bybel sê'. Die kerk het 'n groot aandeel in die verwarring wat daar bestaan.

6. Erken die vreemde

...dit sal vreemd wees om dit nie te doen nie.

Sommige stellings in die Bybel mag baie vreemd wees vir iemand wat nie in die kerk grootgeword het nie. Kyk maar na die Rooisee wat in twee verdeel het en die volk Israel wat op droë grond daardeur geloop het. Of diere wat twee-twee op 'n boot gelaai word waar daar geen water binne sig is nie. Wanneer daar dus oor hierdie vreemdhede vertel word, erken dit as vreemd. Sê dus hardop presies wat die nie-gelowiges dink. Dit maak alles geloofwaardig. Sodoende word die boodskap aan hulle oorgedra dat jy ook 'n rasonale denker is, nes hulle.

Baie ongelowiges dink daar bestaan konflik tussen wetenskap en godsdiens. Moet geensins krities wees teenoor mense wat hierdie vreemdhede nie net glo nie. Die mens is geneig om te wil weet en ontleed, om die oorsaak te soek en wat die effek daarvan is. Ons moet dus nie van mense verwag om hierdie manier van denke te verander wanneer hulle by die kerk instap nie.

Dit waarmee die ongelowige tot 'n vergelyk moet kom (dit eens moet kom)?, is nie die lang lys van wonderwerke in die Ou en Nuwe Testament nie, maar wat die persoon glo van Jesus. Wanneer iets in die Bybel dus verduidelik word wat dalk ongeloofwaardig kan wees vir ongelowiges, is dit belangrik om hul moontlike twyfel, te bevestig. Deur bv. na Adam en Eva te verwys kan gesê word: 'Ek sal jou vertel waarom ek in Adam en Eva glo. Jesus het. Ek is egter 'n eenvoudige mens. Wanneer iemand sy eie sterwe en opstanding voorspel en dit wel gebeur, is ek saam met daardie persoon. Ek gee nie om wat die ander sê nie, ek staan saam met die persoon wat uit die dood verrys het. Ek sal dit self graag eendag wil doen. En Hy het gesê dat die wat glo, eendag sal opstaan al het hy ook gesterwe. So ek gaan met wat Jesus gesê het.'

7. Moenie geheimsinnig raak nie

...tensy jy 'n nuwe kar wil hê

Indien jy ernstig is oor eredienste wat ten doel het om as brug te dien tussen die persone wat terugkeer na hul geloof of die wat geloof vir die eerste keer ondersoek, moet jy wegbly van die geheimsinnige.

Moet asseblief nie agter tradisie skuil en 'dit is hoe ons dinge hier doen' gewoontes nie. Indien jy nie enige van hierdie beginsels binne jou gemeente wil toepas nie, moet asb. nie ander se passie vir die kerk doodmaak omdat jy nie wil leer nie. Omdat jy te selftevrede is om iets nuuts te probeer nie. Hou ingedagte dat ander mense se kinders jou kerk bywoon, jou kinders woon jou kerk by. Jy het elke Sondag die geleentheid om of hul liefde en waardering vir die kerk te verdiep, of hul rede te gee om nie meer kerk toe te gaan nie.

Dit is belangrik dat jy deel sal wees van die oplossing. Die feit dat so baie twintigers die kerk verlaat, moet jou pla. Verseker pla dit ons Hemelse Vader. En vir jou?

Al kan jy nie daarmee saamstem dat daar vir kerklos mense gepreek moet word nie, is dit nodig dat ons gemeenskaplike grond vind in die feit dat ons passie om die aandag en verbeelding van 'n generasie van kinders wat grootword in die kerk, maar nie kan wag om die kerk te verlaat nie, weer opnuut aan te gryp.

Wat verhoed jou om die nodige aanpassings te maak in jou bediening om daardie segment van die populasie vas te vang? Eenvoudig. Jy.

Deel vyf – Verander die plaaslike kerk

Deur te droom en beplan noodsaak uiteindelik verandering.

Hoofstuk 12 – Raak slaags met die status quo

Niks is verewig onweerstaanbaar en relevant nie. Elke nuwe idee en benadering tot bediening, het 'n vervaldatum.

Alles wat tans in plek is, is aanvaar as die verbetering op 'n idee wat lank gelede 'n goeie idee was. So gaan dit aan. Mense het baklei vir daardie verf, die meubels en dieaaklikge gebou. Dit wat eens mooi was, is nou aaklig.

Aanvanklik word nuwe idees beskou as slegte idees. Dan word die idees normatief. Uiteindelik is hulle gister se nuus. Niks is nuut en innoverend vir altyd nie.

Die horlosie is besig om te tik vir ons goeie idees en dit tik vinniger as wat ons dink.

Enige sisteem sal onbewustelik saamspan om die status quo te handhaaf en so verandering te voorkom.

Dit is dus geen wonder dat predikante, pastors en onderwysers tevrede is met die model wat hulle geerf het, eerder as om iets nuut in te stel. Dit is te moeilik, te duur, te riskant en te ontwrigtend.

Tydens die stigting van North Point in 1995, was die benadering wat gevolg is, 'n paradigma skuif vir baie kerkgangers. Niemand in Atlanta het in daardie tyd gevra vir 'n nuwe kerk of 'n nuwe tipe kerk nie. Kerk was kerk en jy het of gegaan of nie gegaan nie. Nie alleen is die musiekstyl anders nie, maar die kerk wat gebou is, het nie soos 'n kerk gelyk nie.

Die katalisator om verandering in 'n plaaslike kerk bekend te stel en te fasiliteer, is 'n God-verheerlikende, watertand, ondubbelsinnige visie.?

Sodra aanvanklike veranderinge aangebring is, is visie die sleutel om organisatoriese fokus en momentum te behou.

Om jou gemeente op die regte spoor te sit en dit daar te hou is dit belangrik dat die visie gedeel word deur almal daarby betrokke. Elke gesprek wat betrekking het op verandering, is visie die plek om te begin.

Kerkleiers kla dikwels dat hul mense nie wil verander nie. Voordat daar egter van die mense gepraat word, is dit belangriker om oor jou visie te praat. In 100 persent van die gevalle waar leiers nie hul mense sover kan kry om te verander nie, is dit omdat hulle nie hul visie duidelik kan oordra nie.

Hierdie leiers begin gewoonlik hul gesprekke rondom verandering met mense wat nie wil verander nie, as by die dinge wat verander moet word. Om hierdie rede ervaar hulle weerstand.

Die mees oneffektiewe manier om 'n gesprek te begin oor verandering, is om te praat oor wat moet verander. 'n Gesprek moet nooit begin deur te sê waar jy nou is nie, maar deur te sê waar jy graag wil wees. Wanneer jy dus jou gesprek oor verandering begin deur dit te

bespreek wat moet verander, begin jy gewoonlik met iets waaroor iemand emosioneel is. Dit is 'n resep vir mislukking.

Die oomblik wat jy 'n duidelike beeld kry oor jou verlangde toekoms, sal jou gedrag verander. Visie veroorsaak hierdie verandering

Ons ou manier van doen was nie verkeerd nie, dit was net nie versoenbaar by wat ons vir die toekoms gekies het nie. Wat is jou visie vir jou kerk? Hoe wil jy hê die toekoms moet lyk?

Verandering is nie visie nie. Relevant en kontemporêr is ook nie visie nie. Indien jou primêre bekommernis te doen het met die feit dat jou gemeente die 'kief' faktor mis en dit die rede is waarom jong gesinne nie bly nie, het jy baie werk om te doen.

Indien die skielike impuls om te verander aangevuur word deur lidmate wat jou gemeente verlaat om by die meer kontemporêre gemeente verder af in die straat aan te sluit, is dit nie rede genoeg nie. Indien jou motivering vir verandering nie dieper is as die begeerte om op te gradeer en op te dateer sodat mense nie jou gemeente verlaat nie, is dit beter vir jou gemeente om die maniere van die vorige generasie te behou.

Indien jy betekenisvolle verandering in jou plaaslike gemeente wil bewerkstellig, het jy 'n skuldias (burden) van God nodig wat jou saans wakker hou. Bill Hybels het genoem dat jy 'n bedwelmende dosis van 'geestelike ontevredenheid' nodig het. Indien jy verandering wil sien, vra God om by jou te begin.

Vra God om jou te belas met iets wat dit die moeite werd sal maak om selfs jou loopbaan daarvoor te waag. Dan is dit 'n God-voorskriftelike (bevestigde – ordained) visie. Dan is dit nie net iets wat kan wees nie, maar iets wat jy glo moet wees. Slegs dan is jy gereed om met ander te praat oor wat verander moet word.

Visie is die brandstof wat nodig is om die organisatoriese fokus en momentum vorentoe te dryf. Die rede hiervoor is dat daar 'n onverbiddelike verband bestaan tussen 'n organisasie se visie en sy honger na verbetering.

Weereens:

- Wat is jou kerk se visie?
- Wat hoop jy om te bereik?
- Wat kan en moet in jou omgewing wees?

Voordat jy nie hierdie vrae kan beantwoord nie, is daar geen nut om enigiets te probeer verander nie.

Hoofstuk 13 – Missie en model

Heelwat kerkleiers het al ervaar dat nuwe idees goeie idees is solank as wat daar nie vereis word dat iemand iets nuuts moet doen nie.

Mense weerstaan verandering wat te doen het met die manier waarop hul bediening plaasvind, die model wat in die gemeente gebruik word. Die model definieër die kerk en om hierdie rede sal die status quo gehandhaaf word. *Dit is hoe dinge hier gedoen word en dit is wie ons is.* Mettertyd raak kerke verlief op hul model. Modelle is egter geskep om die missie van die kerk te ondersteun. Ongelukkig het 'n generasie verlief geraak op die model ten koste van die missie van die kerk. Vir meeste kerke is die *handhawing* van die model, die *missie* van die kerk.

Een van die primêre redes waarom kerke vandag leegloop is omdat kerkleiers meer van hul model as van mense hou. Een van die redes waarom ons kerk in Atlanta so suksesvol is, is omdat ons besluit het om die mark van kerklos mense te betree. Om dus in hierdie mark te bly, is dit belangrik dat ons nie verlief raak op ons manier van dinge doen nie.

Beide die outydse en hedendaagse kerkgeskiedenis is vol van tragiese voorbeelde van wat met 'n kerk gebeur wanneer kerkmense verlief raak op hul model of hul benadering tot die kerk en vergeet waarom die kerk aanvanklik gestig is.

Ons almal is deel van 'n gemeente wat die risiko loop om verlief te raak op die model wat ons volg en dan perongeluk ons missie agterweë te laat.

Trou met jou missie

Maak 'n afspraak met jou model

Raak verlief op jou visie

Bly ligtelik 'versot' (infatuated) met jou benadering

Ons wil nie eendag 'n model oppas wat lankal nie meer werk nie. Wil ons die opassers wees van 'n model of wil ons 'n kerk wees waar kerklos mense van hou om na toe te gaan?

Die missie van die gemeente moet dus belangriker wees as die metode wat gebruik word om die boodskap oor te dra.

In die kerkwêreld is daar hoofsaaklik weerstand teen verandering wanneer pogings aangewend word om die program te verander of te elimineer.

Missie → Visie → Model → Programmering

Missie is die ononderhandelbare noodsaaklikhede wat verband hou met die kerk. Vir ons is dit om dissipels te maak. *Om mense te begelei in 'n groeiende verhouding met Jesus Christus.*

Visie is die bydrae wat jou kerk lewer tot die oorkoepelende missie van *die kerk*. Ons bydrae tot die missie van *die kerk* is om kerke te skep waarheen kerklos mense hou om te gaan.

Die model is die raamwerk wat 'n kerk kies of ontwikkel om die spesifieke visie van die kerk te bevorder. Die model is die organisatoriese beginsel of tema waaronder die program werk. 'n Model is groter as 'n spesifieke program. 'n Model omvat al die programme in 'n kerk. Baie kerke het onwetend die 'Meer is beter' model aanvaar. Binne die model word daar al hoe meer programme bygevoeg in die hoop dat iets sal werk.

Ons evalueer ons program aan die hand van hoe goed dit die doel dien om mense betrokke te kry binne 'n groep. 'n Program moet 'n groep wees, moet mense voorberei op groepslewe of dit moet dien as 'n maklike, duidelike en strategiese stap om deel te word van 'n groep.

Die oomblik wat kerkleiers kan insien dat elke program binne die kerk 'n antwoord is op die 'wat is die beste manier' vraag, sal dit makliker wees om hul greep te verslap op hoe dinge altyd gedoen is. Die vraag bly dus dieselfde, maar die antwoorde verander.

Sommige menings is so voorspelbaar dat hulle glad nie bespreek mag word nie.

Dit is belangrik dat niks binne jou program nie oop is vir bespreking nie. Hoekom? Elke nuwe idee het 'n vervaldatum en is nuut nie meer nuut nie. Tesame met 'n duidelike visie, is dit belangrik dat die groep die dinamiese verhouding tussen missie, visie, model en program sal verstaan wat belangrik is vir die bekendstelling van verandering.

Die doel is dus om 'n kerkkultuur te skep wat so visie gesentreerd is dat die bekommernis om fokus te verloor swaarder weeg as om veranderinge te maak.

Hoofstuk 14 – Gelei om te lei

Die meeste kerkleiers sal saamstem met die sake wat reeds aangeraak is. Die vraag bly egter: Waarom is meer predikante nie onverdraagsaam teenoor dit wat nie werk nie? Waarom is daar so baie kerke wat te kort skiet aan visie? Waarom beïnvloed die Groot Opdrag en die Groot Gebod nie elke programbesluit wat ons neem en elke rand wat ons uitgee nie?

Waarom wag jy tot daar geldelike probleme ontstaan voordat jy enige veranderinge voorstel?

Die primêre rede waarom kerke vashou aan uitgediende modelle en programme is omdat hulle goeie leierskap ontbreek. Vir 'n organisasie om visie-gesentreerd te bly, moet dit gelei word deur 'n visie-gesentreerde leier. Die probleem bestaan egter dat gemeentes selde leiers werf. Hulle neem pastors, predikante en onderwysers in diens. In die meeste

gemeentes word daar van die predikant verwag om ook die leierskapsmantel te dra, ongeag of hy daarvoor aangelê is of nie.

Predikante, pastors en onderwysers wat nie oor goeie leierseienskappe beskik nie, gaan oor tot bestuur. Gevolglik hou hulle by die model wat bestaan het toe hulle in diens geneem is.

In die Nuwe Testament word daar wel verwys na pastors, skaapwagters en ouderlinge, geensins na die term leier of leierskap nie. Soos vroeër genoem, indien jy wil weet wat mense bedoel wanneer hulle iets sê, kyk wat hulle doen.

Verandering vereis visie. Volhoubare visie vereis leierskap en leierskap is 'n gawe. Indien jy oor hierdie gawe beskik, het Paulus gesê moet jy ywerig die leiding neem.

Kerke en kerkleiers wat die gawes en sterkpunte waarmee God hulle toegerus het gebruik binne die bediening, vaar goed. Die wat dit nie gebruik nie, vaar nie goed nie.

Indien jy voel jy is nie die persoon wat hierdie veranderinge moet dryf nie, bid dan tot God dat Hy die leier na vore sal bring wat die status quo sal uitdaag en verandering kan voorstel. Jou waarneming dat verandering nodig is, is heel waarskynlik korrek, jy is dalk net nie die persoon wat die proses moet dryf nie.

'n Leier het selde 'n probleem daarmee om elke oggend wakker te word met sy eie probleme. Hulle het egter min geduld met probleme wat deur vorige generasies opgepas moet word.

Dit is belangrik om voortdurend vrae te vra. Deur die regte vrae (oor en oor) te vra, sal verseker dat die visie van jou kerk van groot belang sal bly terwyl die programme daaraan onderdanig sal wees.

Craig Groeschel het gesê om mense te bereik wie niemand anders bereik nie, moet jy doen wat niemand anders doen nie. Onthou egter dat jy nooit jou gemeente hierheen sal kan bestuur nie, jy moet hulle daarin lei.

Waarvoor bid jou gemeente? Is dit vir die teenwoordigheid van God of die uitstorting van die Heilige Gees? Beide hierdie het reeds gebeur met die uitstorting van die Heilige Gees tydens Pinkster.

Wat betref God se teenwoordigheid het Jesus belowe om met die te wees wat dissippels maak, nie met die wat vir lofprysing vergader nie.

Handelinge 4:29: 'En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle **vrymoedigheid** u woord sal verkondig.'

Terug na die oorspronklike vraag: Waarvoor bid jou gemeente? Indien dit nie is vir **moed** nie, sou dit dalk wees omdat jul gemeente dit nie nodig het nie? *Ons bid vir wat ons nodig het, vir geduld met ons kinders, maar vir moed?*

Die oomblik wanneer daar egter teruggekeer word na wat die oorspronklike doel vir die instelling van die kerk, word daar vir moed gebid. Daar sal vir moed gebid word omdat jy dit nodig het. Wanneer jy jouself ten doelstel om kerklose mense te bereik, om hulle te oortuig om terug te keer na God, gaan jy alle moed tot jou beskikking daarvoor nodig hê.

Met wat het jou kerk 'n obsessie? Met wat word jou kerk se tyd in beslag geneem? Kerke vir kerkgaande mense het 'n obsessie oor die mees ligsinnige, onbelangrike dinge. Daar word bitter min gepraat oor belangrike dinge. Mense wat reeds gered is, word bestuur. Jy gee wel om vir mense wat nog nie die Woord gehoor het nie, maar waar manifesteer daardie omgee in jou skedule, jou program, jou preekstyl en jou begroting? Die bekommernis en omgee wat jy in jou hart voel vir hierdie mense, maak egter *geen* verskil in die lewe van so 'n persoon nie. Jou pa het jou ook lief, maar dit was die liefde vir jou wat deel was van sy skedule, wat 'n verskil gemaak het.

Jesus self het gesê dat die hemele meer juig oor een verlorene wat gevind is as oor mense wat lank nie verlore was nie. Waarom is daar nie soveel vreugdebetoning in jou gemeente nie? Omdat dit 'n kerk is vol van mense wat reeds gevind is (het).

Indien jy dalk die resultaat van hierdie veranderinge in jou gemeente waarneem, kan jy dalk vir die persoon langs jou vra:

Wat as...? Wat as ons geweier het om moed aan die dag te lê? Wat as ons geweier het om leiding te neem? Wat as ons God nie toegelaat het om ons harte aan te raak nie? Wat as ons God se fluistering geïgnoreer het?

Kyk net wat sou ons gemis het. Kom ons besluit om dit nie onnodig moeilik te maak vir die wat terugkeer na God toe nie.

Laat ons diep en wyd gaan, laat ons die hele wêreld verstaan dat die kerk nie vir kerkmense is nie, dit is vir almal!

Die klem moet val op gesprekvoering en nie onderrig nie.

Bediening aan laerskoolkinders

Primêre oorwinning: Om aan kinders leiding te gee om hul geloof in Jesus te plaas en om hulle te leer wie God is en hoe Hy wil hê hulle moet lewe.

Meetbare oorwinnings vir deelname aan die erediens

Mense keer terug

Mense neem die volgende stap

Mense nooi ander

'n Meetbare oorwinning m.b.t. bediening aan kerklos mense: Leiers moet hulself kan vervang.

Die missie van North Point gemeente: om mense te begelei in 'n groeiende verhouding met Jesus Christus.

Hul strategie: Om kerke te skep waar mense aangemoedig en toegerus word binne 'n intieme verhouding met God te staan, om gemeenskap te betoon met mense binne die kerk en die buite die kerk te beïnvloed.